# Lesing 23.03.2018 - DEEL 6 - Israel en Jerusalem se einde

***Groot Johannes Evangelie - Boek 7 - Hoofstuk 50 vervolg***

[7] "Wel", dink en sê julle by julleself, "hoe is so-iets nou moontlik? Elohim moet tog alles kan doen wat Hy maar wil!" Ja, dit kan Elohim waarlik. Maar by die volkome vryheid van die menslike wil kan en mag Elohim nooit as te nimmer doen wat Hy wil nie, want as Elohim die menslike wil ook maar enigsins sou beïnvloed, sou die mens `n marionet word, bestuur deur die koord van die vaste goddelike wil, en sou dan nooit tot `n vrye, selfstandige lewe kan kom nie. Kan hy dit egter nie uit homself bereik nie, dan is dit met die ewige lewe van sy siel onvermydelik ook vir ewig gedoen.

[8] Die mens moet dus volledige vryheid van wil hê, wat alleen deur wette van buite af en deur vrywillige gehoorsaamheid tot sy werklike voordeel kan strek, en daarby mag die goddelike almag weinig of eintlik heeltemal geen rol speel nie en moet, terwille van die selfstandigheid, toelaat dat die mens alles doen wat hy wil doen, en dus selfs ook dat hy My totaal onskuldige liggaam dood.

[9] En omdat hierdie mense hier in Jerusalem die wet van Elohim bykans heeltemal verwerp het, en in plek daarvan voorskrifte gemaak het wat hulle beter pas en wat hulle wêreldse belange geheel en al dien en wat lynreg ingaan teen My insettinge, wat deur Moses en die profete aan die mense gegee is, en dit heeltemal wil verdring, en omdat Ek nou teen hulle en hulle groot ongeregtigheid ten opsigte van Elohim en die mense getuig, haat hulle My en wil hulle My tot elke prys doodmaak. Ja, ook dit sal toegelaat word, maar dan sal hulle maat van begane gruweldade ook vol wees, en dan sal daar met die volk gebeur wat julle so pas as tweede verskynsel gesien het."

[10] Toe sê Nikodemus: "Majesteit en Meester, ek is van mening dat die twee verskynsels wel eens behoorlik ontnugterend kon ingewerk het op die tempeldienaars en hulle in die vervolg wel sal uitkyk voor hulle die hand aan iemand sal slaan; want ek het duidelik in die tempel gehoor hoe die volk die priesters, wat hoogs ongemaklik gevoel het, voorhou dat Elohim hulle nou almal sou oordeel, juis omdat hulle as priesters die meeste profete, - tot Sagaria en Johannes - gedood het! En selfs die hoëpriester het geswyg en durf die volk niks antwoord nie, toe hulle die gebragte offers sonder omhaal van die tempel terugeis, wat andersins altyd as `n groot misdaad beskou was. En omdat ek dit self nog gesien het, is ek van mening dat hulle nie meer so vol haat en so opstandig teen U sal wees nie, o Majesteit en Meester. Hulle sal wel daarvoor oppas om vyandig teen U op te tree! Bowendien het die tempel in verband met die ius gladii (swaardreg) van die kant van die hoë Romeinse gereg by monde van `n owerste `n uiters ernstige waarskuwing gekry, en dit sal hulle wel eens en vir altyd die lus kan ontneem om ooit nog iemand sonder `n Romeinse vonnis ter dood te veroordeel."

[11] Ek sê: "Dit sal hulle ook nie doen nie, maar in hulle woede en moordlus sal hulle so `n druk uitoefen op die Romeinse regter en so `n groot aantal betaalde getuies teen hulle Offerlam na vore bring, dat die regter ten slotte sal moet doen wat hulle wil. Weliswaar glo al baie mense van die volk in My en My leer, maar die tempel het tog `n groot, al is dit ook `n totaal blinde aanhang, waarmee hulle nog alles kan uitrig. Dat die tempel nog baie aanhangers het, bewys die byna ontelbare mensemenigte wat op die feesdae `n bedevaart na die tempel maak. Hierdie groot, massale bedevaart toon immers meer as voldoende aan hoe baie daar nog met die tempel verbonde is, en hoeveel blindes daar nog in die hele Judese land is wat dink dat hulle Elohim `n welgevallige diens bewys wanneer hulle baie gewetensvol doen wat hulle deur die tempel beveel word. As jy dit goed in oënskou neem, sal jy nou nog baie min Judeërs vind wat vir die lewe van My liggaam borg sal wil staan."

Die verlede en die toekoms van die Judeërs

51 Die Romeine hoor ook die gesprek en Agricola staan verontwaardig op en sê: "Meester van alle hemele en wêrelde, mag die gebroedsel daar benede nooit so-iets van plan hê teen U nie, want dan sal U almag dit ons wel vooraf kan laat weet en dan sal ons nie aarsel om vir altyd `n einde te maak aan daardie bedrieërsgebroedsel nie; ek sal Pilatus nog môre nadruklik daarop wys!"

[2] Ek sê: "My allerbeste vriend, jy het dadelik op die eerste dag dat jy hier kom, My leërskare en My mag gesien, en Ek hoef slegs één wenk te gee of tallose skares almagtige engele staan My ter beskikking, waarvan daar één al voldoende sou wees om die hele aarde en die hele sigbare hemel in `n oogwenk te vernietig! Ek het egter nie na hierdie wêreld gekom om haar te oordeel en te vernietig nie, maar slegs om haar van ondergang te red. En daarom moet Ek die wil van die mense, hoe dit ookal is, die vrye loop laat neem, selfs wanneer hulle hulle aan My liggaam sal wil vergryp; want as Ek daarteen ingaan met die goddelike mag van My wil, wat aan My deur die Vader gegee is, dan dood dit die siel van elke mens, en kan niemand dink aan `n ewige lewe na die aflegging van sy liggaam en nog minder daaraan glo en daarop hoop nie.